

STUK: 'n Man uit een stuk: 'n Man van beginsel: A man of principle.

STUKKE: Op sy stukke wees: Baie vrolik en gelukkig wees: To be in a very happy mood.

STUKKEND: Iemand stukkend loop: Hom ver wen: To win by miles.

Iemand is stukkend: Hy is dronk: To be intoxicated.

Stukkend wees: Verlief wees: To be in love.

Iemand stukkend kyk: Baie kwaad wees vir iemand: To be very angry with a person.

STUUR: Iemand van Pontius na Pilatus stuur: kyk Pontius.

STUURMAN (-LUI): Die best stuurman (-lui) staan aan wal: Solank as iemand 'n werk nie self hoof te doen nie, verbeel hy hom dat hy dit beter as 'n andereen kan verrig: Bachelor's wives and old maid's children are the best trained.

SUIKERTANDE: Die suikertande uittrek: Sonder of met minder soetigheid moet klaarkom: To do without (or with less) sweet things.

SUKKELAAR: 'n Arme ou sukkelaar: Gebruik van 'n persoon wat almelewe kla: A stick-in-the-mud.

SUS: Iets (sy gewete) sus: Allerlei ekskuse soek om hom van alle skuld te onthef: To salve one's conscience.

SUUR: Na suur kom soet: Na die moeilikheid kom daar geluk: The sweet follows the bitter.

Dit sal jou suur bekom: Jy sal daarvoor moet betaal: You will have to atone for this.

Vir iemand die lewe suur maak: Dit vir iemand baie onaangenaam maak: To make one's life a burden.

Waarom is jy so suur vandag? Waarom is jy so nukkerig vandag?: Why are you so surly to-day.

SUURKNOL: Iemand is 'n regte ou suurknol (suring): Hy lyk altyd of hy kwaad is: He is a surly fellow.

SUURLEMOENSOP: Daar het suurlemoensop deurgeloop: Daar was skelmagtigheid aan die gang: There was some cheating in the game; there was some sharp practice.

'n Gesig soos 'n suurlemoen hê; 'n

Suurlemoen-gesig hê: Kwaad lyk: To be surly.

SWAAR: Iemand se hand is swaar: Hy het baie invloed: He has much influence.

SWAARD: Met swaarde en stokke: Goed gewapen: Armed to the teeth.

SWAEL: Hy swael baie: Hy drink baie: He is a heavy drinker.

SWAELTJIE: Een swaeltjie maak nog nie somer nie; Een swaeltjie kan nie somer maak nie: 'n Mens kan nie van een geval 'n algemene gevolgtrekking maak nie: One swallow does not make the spring.

SWART: Dit swart op wit sien: Dit op skrif hê: Black on white.

So min soos die swart van sy nael: Baie min: A wee bit.

Jou swarte tater! Jou swart ding: You black rascal!

Iemand swart smeer: Iemand agteraf slegmaak: To blackguard a person.

Die swart skaap van die famielie: Die persoon wat sy famielie tot skande maak: The black sheep of the family.

SWARTMERRIE: Die lokomotief: The engine of a train.

DIE SWARTSPAN: Die kerkraadslede: The members of the council of the church.

SWEM: Swem in goud: Kyk Goud.

SWERM: Saam met die swerm vlieg: Met die meerderheid saamgaan: To side with the majority.

SYNE: Die hele pad is syne: Hy is dronk; hy is baie hoogmoedig: He is intoxicated; he is conceited.

T.

TA: 'n Regte ou ta: Baie onbeskof: An uneducated, uncivilised person.

TAAI: Iemand 'n taai klap gee: Iemand 'n harde klap gee: To give a hard smack.

So taai soos 'n ratel: Baie taai wees: To be very hardy; as tough as leather.

Iemand taai sê: Iemand berispe: To give a person a bit of one's mind.

Iemand taai tammeletjie gee: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a thrashing.

TAAL: Nie taal of tyding (teken) van iemand hoor nie; Taal nog tyding ontvang: Geen nuus kry nie: To get neither sound nor sight of a person.

TAALINDOENA: Iemand wat op taalgebied taamliek outokraties optree: An induna or autocrat in matters relating to spelling, etc.

TABERNAKEL: Iemand op sy tabernakel gee: Iemand 'n pak slae gee: To give a person a hiding.

TAFELBERG: Toe Tafelberg nog 'n vulletjie was: Kyk Vulletjie.

TAK: Iemand se tak: Iemand se nooi: Someone's fiancée.

Hoog in die takke: Baie dronk: Very drunk.

TAMATIESTRAAT: In tamatiestraat wees: Hy is laat; hy sal dit nie kry nie: He has got a hope!

TAMMELETJIE: Iemand tammeletjie gee: Iemand slaan: To give a hiding.

TAND: Iemand se tande voel: Iemand se bekwaamheid of kennis toets: To sound a person.

Oumense (Grootmense) se tande tel: Gesê van 'n kind wat met oop mond sit en luister as grootmense gesels: Said of a child who is continually in the company of grown-up people.

Met lang tande eet: Met teësin eet: To eat with reluctance.

Vir iemand die tande wys: Vir iemand kwaad word: To show one's teeth.

Sy tande slyp: Hom klaar maak: To look forward to.

TANG: 'n Mens kan hom nie met 'n tang aanraak nie: Hy is baie vuil: He is so dirty, you can't come near him.

TAPYT: Op die tapyt bring: Ter sprake bring: To bring up for discussion.

TAS: Dit vat aan 'n man se tas: Dit kom 'n mens duur uit: That is rather expensive.

TEE: In iemand se tee blaas: Iemand se nooi van hom afvry: To cut out a rival suitor.

TEENSTRIBBEL: Teenstand bied: To offer resistance.

TEER: Iemand teer en veer: Iemand teer en dan vol vere gooi: To tar and feather a person.

TEERKWAS: 'n Streep van die teerkwas weghê: Hy het swart bloed in sy are: To have a touch of the tar-brush.

'N TEERPUTS: 'n Slordige, niksbeduidende kêrel: A mean, dirty fellow.

'N TEERTOU: 'n Vuil vent: A dirty fellow.

TEL: In tel wees: Populêr, in die mode wees: To be popular.

Iemand moet op sy telle pas: Hy moet versigtig wees: To be careful.

'N TELEGRAAFPAAAL: 'n Baie lang en skraal persoon: A regular broomstick.

TELLING: In tien tellings was hy terug: Hy was baie gou terug: He was back in a minute.

TENT: Sy tent iewers opslaan: Hom daar gaan vestig: To pitch one's tent.

- 'N TERGGEES:** Iemand wat ander besonder baie kan pla:
A tease.
- TERING:** Die tering na die nering sit: Die uitgawe na die inkomste reël: To cut one's coat according to one's cloth.
- TESTAMENT:** Iemand kan sy testament maar laat maak: Hy sal daar baie sleg van af kom: He is going to come off the second best.
- TEUEL:** Die vrye teuel gee: Hom laat maak soos hy wil: To allow one a free hand.
Die teuel laat skiet: Minder streng behandel: To give some rope.
- TIEN:** Tien teen een: Dis absoluut seker: Ten to one.
- TIER:** Ou tier! 'n Uitdrukking van bewondering of spot: Bravo! Well done!
- TIERLANTYNTJIES:** Allerlei versiersels; onnodige bog: Trash; knick-knack.
- TIERMELK:** Iemand het tiermelk gedrink: Hy is dronk: To be intoxicated.
- TITTEL:** Geen tittel of jota nie: Heeltemal niks nie: Not an iota.
- TJANKBALIE:** 'n Kind wat baie gou huil: A cry-baby.
- TJEKBOEKBOERE:** Groot, welaf boere: Wealthy farmers.
- TJOEKIE:** Tronk: Prison.
- TJOEPSTIL:** Heeltemal stil: To be as still as a mouse.
- TJOU-TJOU:** 'n Tjou-tjou spul: 'n Slegte affêre of klomp: A feeble lot.
- TOEDOEN:** Sonder sy toedoen: Sonder dat hy iets daaraan gedoen het: Without his assistance.
- TOEKA:** Van toeka se tyd af: Van lankal af: From time immemorial.
- TOET:** Die ding lyk soos toet, was hy beter dan was hy goed: Die ding (die man) beteken nie veel nie: It is not worth much.
'n Toet: 'n Niksbeduidende mens: A nonentity, a good-for-nothing.
- TOE-OOG:** Iets toe-oog doen: Dit maklik doen: Without the least effort.
- TOERTJIE:** Dit was 'n hele toertjie: Dit het baie moeite gekos: It caused some trouble.
- TOETRAP:** Iemand lelik toegetrap: Iemand lekker kul: To cheat someone.
- TOKTOKKIE:** Toktokkie speel: Met behulp van 'n lyn en 'n gewiggie aan 'n deur klop en as die deur oopgemaak word, doodstil bly: To play tick-tock.
- TOLVRY:** Sonder om iets te betaal of oor te kom: Free of duty; to go free.

TONG: 'n Tong soos 'n skeermes: 'n Baie skerp tong: A sharp tongue.

Iemand onder die tong kry: Iemand berispe: To give someone a bit of your mind.

Hy het sy tong verloor: Hy sê niks nie: He does not utter a word.

Sy tong is gebonde: Hy mag niks sê nie: He is tongue-tied.

Iemand is met die tong-riem gesny; Goed met die tong slaan: Hy is glad met die tong: He has the gift of the gab.

Die woord is op my tong: Dit sal my netnou byval: It is on the tip of my tongue.

TOON: Tone trap is rusie soek: As 'n mens iemand se tone trap, is dit 'n teken dat hy wil baklei: To court trouble.

Op iemand se tone trap: Iemand beledig: To offend someone; to tread on a person's corns.

Die toon aangee: Die leiding gee: To set the fashion.

'n Hoë toon aanslaan: 'n Aanmatigende houding aanneem: To ride the high horse.

'n Lae toon aanslaan: Nie veeleisend wees nie: To sing pretty small.

TOOR: Wat het jy getoor? Wat het jy gemaak? What have you done?

TOP: Van top tot toon (teen): Van kop tot voete: From head to toe.

Top! 'n Tussenwerpsel om 'n ooreenkoms te bekragtig: Done!

TOR: Moenie so aan my tor (torring) nie: Moenie so aan my lol nie: Do not bother me so.

'n Regte ou tor: 'n Slegte onopgevoede mens: He is an uneducated, uncivilized person.

TOU: Hulle gesels aan die tou: Hulle gesels lekker sonder om op te hou: They are having a pleasant and unbroken conversation.

Op die tou blaas: Die osse aanmoedig: To encourage oxen by shouting.

Iemand laat tou (riem) spring: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

Tou opgooi: Moed verloor; dood gaan: To lose courage; to die.

Die tou styftrek: Aanhou, met erns vorentoe beur: To persevere, to strive forward.

Iemand onder die tou (ketting) uithelp: Iemand uit sy moeilikheid help: To help someone out of his difficulty.

- Oor die tou trap:** Iets doen wat verkeerd is: To overstep the line.
- TOULEIER:** Die beste touleier sit op die voorbok: As 'n persoon 'n werk nie self hoof te verrig nie, dan verbeel hy hom altyd dat hy dit besonder goed kan doen: Bachelor's wives and old maids' children are the best trained.
- TOU STAAN:** In 'n ry staan en so sy beurt afwag: To form a queue.
- TOUWYS:** Iemand touwys maak: Hom leer: To break in a person for certain work.
- TRAAN:** Dit gaat nog maar ou traan: Op die gewone manier: Still as usual.
- In sy trane swem:** Baie huil: To bathe in his tears.
- Iemand huil lang trane:** Baie spyt hê oor wat hy gedoen het: To be crying tears of remorse.
- Trane met tuite huil:** Baie huil: To weep bitterly.
- TRALIES:** Agter die tralies sit: In die tronk wees: To be in prison.
- O TRANENDAL!** Hoe treurig gaan dit nie! How sad!
- TRANKIEL:** Iemand is trankiel: Baie gesteld wees op seker dinge: To be particular.
- TRANSPORT:** Loop of hy die transport van die plaas in sy sak het: Baie hoogmoedig wees: To be very conceited.
- 'N OU TRAP-IN-DIE-WATER:** 'n Onhandige persoon: An awkward person.
- TRAPSOETJIES:** Loop soos 'n trapsoetjies; Iemand is 'n trapsoetjies: Hy is baie stadig: To walk like a snail.
- TREIN:** Dis nog nie trein-tyd nie: Gesê aan iemand wat onnodig haastig is: Don't hurry, there's ample time.
- Hulle kom met die stadige trein:** Hulle sal eers laat kom: They are sure to be late.
- 'N TREKPLEISTER:** 'n Persoon van wie mens baie hou ('n kêrel of nooi): An attraction; a loved one.
- TROEF:** Iemand leluk troef: Teenmaatreëls teen iemand se planne neem; iemand 'n goeie antwoord gee: To checkmate a person, to counter his plans.
- TROMP:** Iemand tromp-op loop: Iemand sonder omweë berispe: To rebuke without ceremony.
- Tromp-op:** Naby; sonder om korrel te vat: Near; point-blank.
- TRONK:** Van nuuskierigheid is die tronk vol: Nuuskierigheid veroorsaak allerhande moeilikheid: Ask no questions and you'll hear no lies.
- TROU:** Trou is nie perde koop nie: 'n Mens moet sake goed oorweeg eer hy in die huwelik tree: One should consider things carefully before getting married.

- Trou is niks nie, maar die lank hou:** Skertsend gesê as 'n mens bedoel dat die man en vrou dalk moeg vir mekaar kan word: Marriage is not the main thing, but to live together for a long time.
- TRUG, TRU, TROEI:** Vir niemand trug, tru, troei staan nie: Met sukses teen enigeen kan meeding: To stand back for no one.
- TRUITJIE-ROER-MY-NIE:** kyk Kruidjie-roer-my-nie.
- TUIG:** In die tuig (juk) sterf: Sterf terwyl 'n mens nog sy gewone werk doen: To die in harness.
- TUIN:** Iemand om die tuin lei: Iemand kul: To lead a person by the nose.
- TUISBLY:** Met Jan Tuisbly se karretjie saamgaan: Gladnie saamgaan nie: To stay at home.
- TURF:** Iemand se turf sit: Hy slaag nie in sy doel nie: He does not succeed in his plans.
- TWAALF:** Iemand is ouer as twaalf: Hy laat hom nie maklik kul nie: He is not easily deceived; he was not born yesterday.
- Iemand prys die dag nooit voor twaalfuur in die nag nie: Hy is versigtig en spreek nie 'n oordeel uit, voordat hy heeltemal seker is nie: He expresses an opinion only after mature deliberation.
- TWAK:** Jou twak is nat: Jy kan jou doel nie bereik nie: You cannot manage it.
- Iemand is 'n ou twak: 'n Slegte mens: A good-for-nothing.
- Nie, 'n pyp twak werd nie: Niks werd nie: A nonentity.
- Iemand verkoop twak: Hy praat onsin: He talks nonsense.
- Laat hom maar sy twak op sy eie manier kerwe: Laat hom maar maak soos hy wil: Let him go his own way.
- TWEE:** Weet dat tweemaal twee vier is: Weet hoe sake staan: To know what is what.
- TWISAPPEL:** 'n Punt van geskil: An apple of discord.
- TYD:** Tyd is geld: Tyd is baie waardevol: Time is money.
- Die tyd uitkoop: Die tyd op die beste wyse gebruik: Make the most of one's time.
- Die tyd (Vader Tyd) sal ons dit leer: Deur uit te stel en na te dink, kry 'n mens dikwels 'n oplossing vir 'n moeilike saak: Time will bring the solution.
- Sy tyd is verby: Gebruik van iemand wat deur ouderdom of onbekwaamheid nie meer die leiding neem nie: He has had his day.

Wie nie is (pas) op sy tyd, is sy maaltyd kwyt: 'n Mens moet altyd op tyd wees as hy iets wil hê: If you are not in time you lose your meal.

Na (kom) tyd, kom raad: As 'n mens eers lank oor 'n saak nagedink het, dan kry hy dikwels raad: In space comes grace.

Ander tye ander mense: Die mens verander met die tyd: Other times, other manners.

TYDING: Geen tyding goeie tyding: As 'n mens niks van 'n persoon hoor nie, dan kan hy seker wees, dat dit goed gaan: No news good news.

U.

UIL: Soos 'n uil op 'n kluit: Heeltemal alleen en verleë voel: To feel perplexed and lonesome.

Elkeen dink sy uil is 'n valk: Elkeen dink dat sy eie goed die beste is: Everyone thinks his geese swans.

UILSKUIKEN: Iemand is 'n uilskuiken (uil): Dom: A fool.

UILSPIEËL: 'n Uilspieël: 'n Persoon wat allerhande snaakse dinge doen: A clever rascal (the name of the hero of an old Teutonic romance).

Lyk soos 'n Uilspieël in die maanskyn: Gesê van iemand wat verspot en nie vanpas aangetrek is nie: Not dressed to suit the occasion.

UILTJIE: 'n Uiltjie knip (knyp): 'n Bietjie slaap: To take a nap; to take forty winks.

UITBASUIN: Iets uitbasuin: Iets oral rondvertel: To proclaim something everywhere.

UITBETAAL: Iemand uitbetaal: Iemand behandel soos hy jou behandel het: To pay back in one's own coin.

UITBLAKER: Alles uitblaker: Iets rondvertel: To trumpet about all one hears.

UITBLINK: Onder die ander uitblink: Die ander ver oortref: To put the others totally in the shade.

UITBOENDER: Iemand uitboender: Iemand uitdryf: To turn out of doors.

UITBOER: Hom heeltemal uitboer: Al sy besittings verloor: To lose everything.

UITBRANDER: Iemand 'n uitbrander gee: Iemand aanval, berispe: To lecture somebody.

UITDRAAI: Hom uit die werk draai: Allerhande verontskuldigings inbring, sodat hy nie die werk hoef te doen nie: To find an excuse not to do the work.

UITERSTE: Die man lê op sy uiterste: Hy is gevaarlik siek:
The man is dangerously ill.

Dis nou van die een uiterste na die ander; Van die een uiterste na die ander val: 'n Middelweg word nie gevolg nie: To fall into extremes.

'n Uiterste vabond: Baie ondeunde mens: A very mischievous person.

UITGEBAK: Iemand is uitgebak: Hulle het hom goed leer ken en het nie meer vertrou in hom nie: People have lost all confidence in him.

UITGEMAAK: 'n Uitgemaakte saak: 'n Saak wat in die geheim reeds beslis is: It was a predetermined, or cut and dried affair.

Iemand vir alles wat sleg is uitmaak: Iemand van allerhande slegte daade beskuldig: To accuse a person of everything that is bad.

'n Verloofskap uitmaak: Breek: To break an engagement.

UITGEPIETS: Fyn uitgepiets: Netjies maar taamlik swel aange-
getrek: Very well dressed.

UITHALER: 'n Uithaler (uithaal) perd (ens.): 'n Baie goeie
perd: A very good horse.

UITHOOR: Iemand uithoor: Na alles luister wat iemand te sê het: Listen to every thing a person has to say.

UITKRUIP: Iemand sal moet uitkruip (uitspring): Hy sal al sy kragte moet inspan: To have to exert oneself.

UITLIG: Iemand uitlig: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

UITLOOI: Iemand uitlooi: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

UITOORLÊ: Iemand uitoorlê: Om deur beter planne iemand te oortref: To out-manoeuvre a person.

UITPAK: Oor die kêrel uitpak: Baie slegte dinge van iemand sê: To find fault with much in a person.

Sy het alles uitgepak: Sy het al haar geheime vertel: She told all her secrets.

UITPLUIS: 'n Saak uitpluis: Die waarheid omtrent 'n saak uitvind: To get to the bottom of a matter.

UITSIT: Iemand uitsit: Iemand se nooi afvry: To cut out a rival lover.

UITSKEI: Julle moet nou uitskei: Ophou: You must stop that.

UITSKUD: Iemand uitskud: Al sy geld van hom wen; al iemand se klere ens., neem (veral in oorlogtyd): To deprive someone of all he possesses.

- UITSOEK:** 'n Uitsoek plaas, ens.: 'n Uitstekende plaas ens.:
An excellent farm, etc.
- UITSPANPLEK:** Dit is anderkant my uitspanplek: Ek kan dit nie doen nie: I am not able to do that.
- UITSTEL:** Van uitstel kom afstel: Deur iets uit te stel word dit nooit gedoen nie: Procrastination is the thief of time.
- UITSTOF:** Iemand uitstof: 'n Pak slae gee, wen: To give a hiding.
- UITTREK:** Moenie jou uittrek voor jy gaan slaap nie: Moenie jou kinders alles laat erf, voordat jy dood is nie: Do not forget to care for yourself.
- UITSUIG:** Iemand uitsuig: Soveel geld uit iemand kry as maar moontlik is: To get as much money out of a person as possible.
- UITTRAP:** Iemand uittrap: Iemand berispe of slegsê: To reprimand.
- UITVIKS:** Iemand uitviks (wiks): Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.
- UITVIS:** Iets uitvis: Iets probeer uitvind: To fish out something.
- UITVRA:** Van uitvra is die tronke vol: Moenie probeer uitvra nie, ek sal jou tog nie alles sê nie—dit kan my mos in moeilikheid bring: Ask no questions and you'll hear no lies.
- UUR:** Sy uurtjie het geslaan: Die tyd is daar dat hy anders sal moet maak; sy sterwensuur het aangebreek: His hour has struck.
Iets by die uur opsê: Baie lank aanhou: To keep on indefinitely.

V.

- VAAK:** Vaak raak vir bang baas: Gesê van 'n kind wat maar gaan slaap, al is hy ook baie bang om alleen te gaan: Sleep conquers fright.
- VAAL:** Vaal van die honger wees: Baie honger wees: To be very hungry.
Vir 'n hele tydjie in die vaal rys wees: Lank op pad wees: To travel about for a long time.
- 'N VAALPENS:** 'n Spotnaam vir 'n Transvaler: A nickname for a Transvaler.
- VAALWATER:** In iemand se vaalwater (vaarwater) kom: So handel dat iemand vir jou kwaad word: To fall in someone's disfavour; to get into hot water with someone.
In die vaalwater wees: In die moeilikheid wees: To be in a pickle, or in the soup.
- VAAR:** Iets laat vaar: Iets laat staan: To leave off with something or to leave off a habit.

VAARTJIE: So vaartjie, so moertjie: Net soos die ouers: A chip of the old block.

VAATJIE: Uit 'n ander vaatjie tap: Anders praat as vantevore: To sing another tune.

VADERS: Iemand is tot sy vaders vergader: Is dood: To be gathered to one's fathers.

VADOEK: Ek is nie jou vadoek nie: Ek sal nie jou vuil werk doen nie: I am not going to do your dirty work.

VAL: In die val sit: Gevang wees: To be caught.

Dis net na dit val: Dit hang net af van wat gaan gebeur: It all depends on what is going to happen.

Iemand se val bewerk: Iemand se ondergang bewerk: To cause a person's ruin.

VANAAND: Kom ek nie vanaand (vandag) nie, dan kom ek môreaand: Skertsend gesê van iemand wat baie stadig werk of baie stadig gaan: Said in jest of a person who works or goes very slowly.

VANDAG: Iemand is nie (meer) vandag se kind nie: kyk Gister.

VANMELEWE (VANSLEWE): Vroeër: In bygone days.

VARK: Skree soos 'n maer vark: Baie hard skree: To scream loudly.

Iemand kan nie vark vang (keer) nie: Hy het baie krom bene: He is bandy-legged.

Daar soveel van weet as 'n vark van 'n borshemp (politiek): Heeltemal niks van iets weet nie: To know as little about it as one's little finger.

Iemand het nie al sy varkies in die hok nie; Iemand se bont varkie is weg: Hy is 'n bietjie mal: There is something wrong in his top storey.

So vet soos 'n vark: Gesê van iemand wat baie vet is: To be very fat.

Varke skuur hulle modder teen pilare af: Slegte mense beklad fatsoenlikes: Bad people slander the good name of others.

Iemand jaag varke aan: Dronk wees: To be intoxicated.

VASBRAND: In moeilikheid geraak: To get into straits.

VASGELAK: Sit of hy vasgelak is: Op dieselfde plek bly sit: To stick like a leech.

VASKEER: Iemand vaskeer: Iemand se argumente omvergooi: To drive a person into a corner.

VASTRAP: Moed hou en aanhou: To keep courage and persevere.

- VASTREK:** Iemand vastrek: Iemand bedrieg; iemand vaskeer: To deceive someone; to overthrow someone's arguments.
- VAT:** Laat vat: Vlug: To take to one's heels.
Op iemand vat kry: Iemand onder jou invloed kry; iets kry waaroor jy iemand kan slegsê: To get a hold on somebody.
Iemand het op 'n vat gery: Gesê van iemand met krom bene: He is bandy-legged.
Vat jou goed en trek (Ferreira)! Gaan weg, laat vat: Pack up and clear off!
Hy tap nou uit heeltemal 'n ander vaatjie: Hy praat nou glad anders as tevore: He sings another tune.
Leë vate maak die meeste geraas (lawaaï): 'n Persoon wat min beteken, praat altyd die grootste: Empty vessels make the most noise.
- VEEL:** Iemand nie kan veel nie: Iemand nie kan verdra nie: Not to be able to bear the sight of a person.
- VEER:** Pronk met anderman se vere (geleende vere): Pronk met iets wat nie syne is nie: To strut in borrowed plumes.
Die vere maak die voël: 'n Mens word na sy uiterlik geoordeel: Fine feathers make fine birds.
Hulle is voëls van enerse (dieselfde) vere: Hulle is van dieselfde geaardheid: Birds of a feather flock together.
Dis 'n veer in sy hoed: Hy het daardeur naam gemaak: It is a feather in his cap.
- VEERTIEN:** Iemand is hoog veertien: Dronk wees: To be intoxicated.
- VEIL:** Alles veil hê: Bereid wees om alles op te offer: To be willing to sacrifice everything.
- VEL:** Moenie die vel verkoop, voor jy die beer geskiet het nie: Moenie staat maak op iets wat nog moet gebeur nie: Don't count your chickens before they are hatched.
Uit sy vel kan spring van woede: Baie kwaad wees: To burst with anger.
Die vel van die ore trek: Iemand teveel geld laat betaal: To fleece a person.
Iemand op sy vel gee; Iemand vel: Iemand 'n pak slaag gee: To give someone a hiding.
- VELD:** Uit die veld geslaan: Teleurgesteld, beskaamd wees: To be disconcerted.
Die veld behou: Oorwinnaar wees: To keep one's ground.
Die veld ruim: Verslaan word: To give ground.

Teen die kwaad te velde trek: Die kwaad bestry: To combat the evil (etc.).

Op die veld van eer sterf: Op die slagveld: To be killed in action.

Van die veld: Sonder voorbereiding of afrigting; dood wees: Extempore; to be dead.

Veld win: Vooruitgang maak: To gain ground.

VERANDERING: Alle verandering is nie verbeterings nie: Iets word nie juis verbeter deur dit te verander nie: All changes are not improvements; let well alone.

VERANTWOORDE: Baie te verantwoorde hê: Rekenskap gee van baie verkeerde dade: To account for many wrong-doings

VERBAND: Iets uit sy verband ruk: Iets apart en dus verkeerd beskou: To consider something not in its proper relation.

VERBROU: 'n Saak verbrou: 'n Saak heeltemal bederf: To muddle up an affair.

VERBY: Daar nooit verby kom nie: Maak wat 'n mens wil, maar dit sal gebeur; hy sal nie loskom nie: You won't escape that.

VERDAG: Iemand verdag maak: Probeer om die skuld op 'n onskuldige persoon te skuif: To bring someone under suspicion.

VERDUISTER (VERDONKERMAAN): Iemand het geld verduister (verdonkermaan): Hy het geld op 'n bedrieglike manier vir homself gevat: To embezzle money.

VERFOES: Die hele ding verfoes: Die hele ding bederwe: To spoil the whole thing.

VERGEETBOEK: In die vergeetboek raak: Iets heeltemal vergeet: It was pigeon-holed.

VERGEWE: Vergewe en vergeet: 'n Mens moenie haatdraend wees nie, maar die kwaad kwytskeld en so vergeet: Forgive and forget.

VERGRYP: Hom aan iets vergryp: Skuldig maak aan iets: To offend against; to violate.

VERHEK, VERSEG: Ek verhek (verseg) of ek dit doen: Ek sal dit nooit doen nie: "I'm blowed if I do that."

VERJAAR: Iemand verjaar: Hou fees; lewe gelukkig: To feast; to be happy.

VERKEER: Waar jy mee verkeer word jy mee geëer: 'n Mens word geoordeel na die persone met wie hy omgaan: One is judged by one's friends.

VERKEERD: Iemand is weer heeltemal verkeerd: Hy is heeltemal onredelik: To be quite unreasonable.

- Iets verkeerd aanpak:** Iets op die verkeerde manier wil doen: To set about a thing in the wrong way.
- VERKLEURMANNETJIE:** 'n Persoon wat kort-kort sy sienswyse verander: A turncoat.
- VERKOOP:** Iets verkoop vir dieselfde prys as wat hy dit gekry het: Die storie oorvertel soos hy dit gehoor het en nie vir die waarheid daarvan instaan nie: To relate something as told to one without warranting the truth.
- VERLEP:** Verlep lyk: Terneergedruk lyk: To look depressed.
- VERLIEF:** Verliep neem: Jou so goed as jy kan daarmee behelp: To have to put up with something.
- VERMAAK:** Ek is nie Vermaak se kind nie; Ek laat my nie vermaak nie: Ek laat my nie verleë maak oor iets wat 'n ander my nie wil gee nie: I am not envious of.
- VERPAND:** Sy woord daarvoor verpand: Op sy woord van eer: On his word of honour.
- VERS:** Iemand met vers en kapittel bewys: Met feite, baie sekuur: To give chapter and verse for.
- VERSADIG:** Versadig eers vrou en kind en sorg dan vir jou goeie naam: Versorg eers jou eie mense, voor jy ander help: Charity begins at home.
- VERSENE:** Die versene teen die prikkels slaan: Tevergeefs teenstand bied: To kick against the pricks.
- VERSIGTIG:** Iemand is versigtig: Hy is maar bang: To be a coward.
- VERSIGTIGHEID:** Versigtigheid is die moeder van wysheid: 'n Mens moet eers handel as hy die saak goed deurgedink het: Look before you leap.
- VERSONDIG:** Iemand versondig: Iemand kwaad maak: To tease somebody.
- VERSOOL:** Iemand versool: Iemand slaan: To give someone a dressing down.
- VERSPOT:** Die vent is regtig verspot: Hy praat onsin: He is absurd.
- VERSTAANDER:** 'n Goeie verstaander het 'n halwe woord nodig: Dis nie nodig om vir 'n skrandere persoon die hele saak uiteen te sit nie: A nod is as good as a wink.
- VERSTAND:** My verstand staan stil: Ek kan dit nie begryp nie: I am at a loss to understand it.
- Iemand iets aan sy verstand bring:** Iemand iets duidelik maak: To make something clear to a person.
- Iemand na sy verstand laat gaan (loop):** Geen notiesie van iemand neem nie: To ignore a person.
- VERSTEK:** By verstek veroordeel: 'n Vonnis vel oor 'n beskuldigde wat afwesig is: To condemn by default.

VERSWYG: Iets verswyg: Nie alles in verband met iets vertel nie: To leave something aside.

VERTEL: Ek laat my dit nie vertel nie: Ek glo dit nie: I don't believe that.

VERVOLG: Wie ander vervolg, staan self nie stil nie: As iemand 'n ander van 'n seker iets verdink, dan is hy self ook skuldig: Ill doers are ill redeemers.

VET: Vet en maer jare: Jare van voorspoed en teenspoed: Fat years and lean years.

Die vet van die land: Rykdom en weelde: The fat of the land.

Jy moet maar jou lyf vet smeer: Jy moet jou maar vir 'n pak slae klaarmaak: You can prepare yourself for a thrashing.

Iemand vet om die oë smeer: Iemand bedrieg: To deceive.

So goed as vet op 'n warm klip: Dit beteken maar min: Of little avail.

Laat hom maar in sy eie vet gaar bak: Jou nie met iemand bemoei nie: To let a person stew in his own juice.

Die kêrel is weer vet vandag: Hy waggel van dronkheid: He is intoxicated.

So waar as vet: Dis regtig waar: Truly.

Daar's nie vet aan hom te smeer nie: Tevergeefs doen 'n mens iets om hom te verbeter: It would be a waste of energy to try and reform him.

Die vet is in die vuur: Nou is die moeilikheid daar: The fat is in the fire.

VIKANT: Vierkant teenoor mekaar staan: Hulle opinies verskil heeltelmal: They are poles asunder.

VIKPERDEWA: Met die vierperdewa ry: Gaan trou: Going to be married.

VIERSPOOR: Uit die vierspoor: Van die begin: From the beginning.

VIN: Roer jou vinne! Maak gou! Be quick!

Nie 'n vin verroer nie: Niks doen om 'n persoon te help nie: Not to stir a finger.

VINGER: Iemand op die vingers tik: Iemand berispe: To rebuke someone.

Die vinger op die wond lê: Wys waar die fout is: To put one's finger on the sore spot.

Lang vingers hê: Gesê van 'n dief: To be light-fingered.

Deur die vingers sien: Maak asof 'n mens dit nie sien nie; nie kwalik neem nie: To connive at something.

Gee 'n man 'n vinger, dan vat hy die hele hand:
k y k **Pinkie.**

Iets op die punte van sy vingers ken: Iets baie goed ken: To have it at one's finger-tips.

Die vingers (handjie) verbrand: Onwetend 'n fout maak en daarvoor boet: To atone for an unintentional mistake.

Nie 'n vinger verroer nie: Niks doen om 'n persoon te help nie: Not to stir a finger.

Jy kan dit op jou tien vingers aftel: Dis baie eenvoudig; daar is nie aan te twyfel nie: Plain and simple.

Deur die vingers laat glip: Iets mors, sonder om te weet hoe: To waste.

Tussen vinger en duim wegraak: Ongemerkt verdwyn of wegraak: To disappear, to clear off on the sly.

VINKEL: **Dis vinkel en koljander** (gewoonlik met die toevoeging **die een is so sleg soos die ander**): Daar is tussen die twee dinge niks te kies nie; die twee persone is van dieselfde geaardheid: It is six of the one and half a dozen of the other.

VIOL: **Die eerste viool speel:** Die baas wees; die meeste te sê hê: To rule the roost.

Twede viool speel: 'n Ondergeskikte rol speel: To play second fiddle.

'n Ou viool kan ook nuwe liedjies speel: Iemand wat oud is hou ook van iets moois: He has not lost his colt's teeth yet.

VIS: **Vis nog vlees:** Nie tot 'n party behoort nie; 'n nietige mens: Neither fish, flesh, nor fowl.

So fris soos 'n vis wees: Heeltemal gesond wees: Hale and hearty.

Drink soos 'n vis: Baie drink: To be addicted to drink.

Sit en visvang: Aan die slaap wil raak: To be very sleepy.

Op die droë grond visvang: Tevergeefs probeer om iets uit te vind: Trying to fish on dry ground.

Vis moet swem: As 'n mens vis eet, behoort 'n mens 'n glas wyn daarby te drink: Fish must swim thrice.

Soos 'n vis op droë grond: Magteloos, ontuis: Not feeling at home.

VISIËR: **Met 'n hoë visier skiet:** Baie vergroot: To exaggerate.

VLAG: **Die wit vlag opsteek:** Oorgee, ingee: To surrender; to submit.

Die vlag stryk: Vir iemand ingee: To strike one's colours.

'n Regte vlagwaaier: 'n Persoon wat net kan groot praat en verder niks doen nie: A braggard.

Die vlag dek die lading: Gesê van iets slegs of leliks, wat onder 'n mooi klinkende naam of die naam van 'n bekende geleerde op die mark gebring word: Free flag makes free bottom.

VLEES: Die weg van alle vlees gaan: Sterf: To go the way of nature, or the way of all flesh.

Die vlees is swak: 'n Mens is van natuur baie swak: The flesh is weak.

VLEIS: Goed in die vleis: Taamlik vet: In good condition.

Na die vleispotte van Egipte verlang: Terug verlang na 'n vroeër toestand van welvaart en geluk: To hanker for the flesh-pots of Egypt.

Moenie die vleis braai, voordat die wild geskiet is nie: Moenie op iets staat maak, voordat jy heeltemal seker is nie: Don't count your chickens before they are hatched.

VLERK: In sy vlerk by 'n nooi skop; Die vlerk by 'n nooi sleep: Na die nooi vry: To make love to a girl.

Hoër vlieg as sy vlerke lank is: kyk **Hoër.**

VLIËR: Die vliëer gaan nie op nie: Die plannetjie wil nie geluk nie: That cock won't fight.

VLIEG: Van 'n vlieg (muggie) 'n olifant maak: Baie oordryf: To make a mountain of a mole hill.

Iemand 'n vlieg afvang: Iemand voorspring: To cut a person out.

Twee vlië in een klap slaan: Dubbele voordeel behaal: To kill two birds with one stone.

Dit lyk of 'n vlieg oor sy neus geloop het: Hy is in 'n slegte humeur: To be in a bad mood.

Vlië vang: Met die oop mond sit: To sit with open mouth.

Hoog vlieg en laag val: Op groot voet lewe en bankrot raak: To go up like the rocket and come down like the stick.

VLOOI: Van 'n vlooi 'n olifant maak: Baie oordryf: To make a mountain of a mole hill.

VLUG: Vlug is goed, maar begin betyds: As 'n mens van plan is om te vlug, moet hy vroegtydig wegkom: If you want to run away, begin in time.

VOEDSEL: Voedsel en deksel: Kos en kleding: Food and clothing.

VOËL: Solank as 'n voël vlieg kan 'n mens hom skiet: 'n Mens kan probeer om na 'n meisie te vry, al is sy verloof: A person is free to make love to an engaged lady.

Soos 'n voël vlieg: Reguit: As the crow flies.

'n Ou voël met kaf vang: Probeer om 'n ervare persoon te bedrieg: An old bird is not to be caught with chaff.

Hulle is voëls van enerse vere: Hulle is van dieselfde geaardheid: They are birds of a feather.

Een voël in die hand is beter as tien in die lug: Dis beter om 'n klein deeltjie van wat 'n mens begeer te hê as glad niks nie: A bird in the hand is worth two in the bush.

'n Voël sing soos hy gebek is: Elkeen handel volgens sy geaardheid of oordeel volgens sy verstand: Everybody speaks according to his lights.

Is daar 'n voëltjie onder jou hoed? Gesê aan iemand wat met sy hoed op die kop die huis ingestap kom: Why don't you take off your hat?

'n Voëltjie hoor fluit: Iets hoor sê: It is rumoured.

So vry soos 'n voëltjie op 'n takkie: Heeltemal vry wees: As free as a bird.

VOELHORING: Die voelhorings uitsteek: Probeer uitvind wat iemand se sienswyse oor 'n saak is: To sound a person.

VOËLVRY: Iemand voëlvry verklaar: Bepaal, dat elkeen iemand ongestraf mag doodmaak: To outlaw a person.

'N VOËLVERSKRIKKER: 'n Baie lelike persoon: A scarecrow.

VOET: Met die voet onder anderman se tafel sit: Afhanklik wees van 'n ander persoon: To be dependent on another person.

Hom uit die voete maak: Wegloop: To take French leave.

Voet in die wind slaan: Weghardloop: To take on one's heels.

Op groot voet lewe: Deftig lewe: To live in style.

Iets onder (met) sy voete vertrap: Iets nie opprysstel nie: Not to value.

Voet by stuk hou: Nie van sy plan afwyk nie, aanhou; nie afdwaal nie: To stick to the point.

Op staande voet iets doen: Iets dadelik doen: To do a thing on the spot.

Iemand die voet op die nek hou: Iemand onderdruk: To put one's foot on a person's neck.

Iemand die voet lig: Iemand in die geheim benadeel: To cut someone out.

Iemand met die voet lig: Iemand uitskop: To oust.

Sy voet in die stiebeul hê: Kyk Stiebeul.

Op vrye voet stel: Vry laat: To liberate.

Op baie goeie voet wees: Vriendskaplik met mekaar leef: To be on good terms.

Een voet in die graf hê: Al baie oud: With one foot in the grave.

Voor die voet: Sonder om uit te soek: Without making exceptions.

Iemand het met die verkeerde voet uit die bed geklim: Vroeg al nukkerig wees: To get out of the bed with the wrong foot foremost.

Jou voet! Vriendskaplike skeldwoord: You are very much mistaken!

Iemand iets voor die voete gooi: Iemand verwyf: To cast something in a person's teeth.

Voete kry: So stilletjies verdwyn: To disappear.

Voete warm maak: Dans: To dance.

Voete in die aarde (grond) hê: Baie moeite en swa-
righeid opewer: To create difficulties.

Wit voetjie soek: Probeer om in iemand se guns te kom: To curry favour.

Voetjie vir voetjie loop: Baie stadig loop: To walk at a snail's pace.

Voetjie-voetjie speel: Stilletjies op 'n ander se voet trap om die aandag te trek (vernaamlik van verliefdes): To tread on another's foot on the sly in order to draw the attention (especially of lovers).

VOETSLAAN: Te voet loop: To ride shank's pony.

VOETSPoor: Iemand se voetspoor (voetstappe) volg (druk): Iemand se voorbeeld volg: To follow in another's footsteps.

VOETSTAP: Iemand se voetstappe druk: kyk Voetspoor.

VOLBEK: Sy is al volbek: Sy is nie meer baie jonk nie: She is not as young as she was.

VOLK: Hou tot die volkies van die land kom: Gesê van iemand wat goed geëet het: He has had a good meal.

VOLSTRUIS: Iemand is soos (nes) 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis: Hy maak hom gou tuis by vreemde mense; hy is met min tevrede: He makes himself at home everywhere.

'n Volstruis-maag hê: Gesê van iemand, wat enigiets kan eet sonder om siek te word: To have digestion like an ostrich.

Volstruispolitiek: 'n Baie dom politiek: A shortsighted policy.

VONNIS: 'n Vonnis vel: 'n Oordeel oor iemand uitspreek: To pass sentence.

VOOR: Alles het sy voor en teë: Elke saak het twee kante:
Everything has it good and bad points.

'N VOORBOEK: Die leier: Cock of the walk.

VOORGROND: Op die voorgrond: Op die belangrike plek:
To the fore.

VOORHAK: Iemand voorhak: Iemand help met geld of andersins: To assist a person.

VOORKOMING: Voorkoming is beter as genesing: Dis beter om iets te voorkom as om dit reg te maak wanneer dit eers gebeur het: Prevention is better than cure.

VOORKRY: Iemand voorkry: Hom berispe: To reprimand.

VOORLAND: Dis jou voorland: Jy sal dit maar moet doen:
That is in store for you.

Bankrotskap was die voorland: Daar was baie bankrotspelery: Many people became insolvent.

VOORPERD: Iemand op wie 'n mens kan staat maak: A reliable person.

VOORPERDJIE: Die voorperdjie wees: Die eerste in kwaad-doen wees: To be cock of the walk.

VOORSLAG: Soos 'n voorslag wees: Gou, rats wees: To be very quick.

'n Voorslag bediende: 'n Vinnige en bekwame bediende: A smart servant.

Iemand onder die voorslag kry; Iemand onder die voorslag laat deurloop: Berispe, straf: To rebuke, punish.

VOORTOU: Die voortou neem (vat): Die leiding neem: To take the lead.

Die tyd vooruitloop: So na iets verlang, dat 'n mens byna dink dat dit al daar is: To anticipate something.

Vooruitreken is dubbel reken: Dit help nie om planne lank voor die tyd uit te werk nie, want hulle sal dalk moet verander word: Don't count your chickens before they are hatched.

VORENTOE: Hy boer (beur) vorentoe: Hy streef vooruit:
He is making good progress.

VOUE: Iets in die beste voue (voeë) lê: Iets so aanneemlik moontlik voorstel: To represent something in the best light.

VRA: Vra is vry en weier daarby: Iemand kan enigiets vra maar dis nie te sê, dat hy dit sal kry nie: Asking is no sin, nor is refusing.

VRAAT: Sê groetnis vir die vrate: Skertsend gesê aan iemand, wat verskriklik baie eet: Goodbye! (said to a glutton).

'n Vraat word nie gebore nie, maar gemaak: Deur baie te eet leer 'n mens om 'n vraat te word (gewoonlik gebruik van kinders wat aanhou om dieselfde kos te vra): Gluttons are not born, they are made.

VREEMDELING: 'n Vreemdeling in Jerusalem wees: Nie iets weet wat in jou omgewing gebeur het of algemeen bekend is nie: To be a stranger in Jerusalem.

VRIEND: Sê my wie is jou vriende en ek sal jou sê wie jy is: 'n Persoon kan maklik beoordeel word na die mense met wie hy omgaan: A man is known by the company he keeps.

VROEG: Jy sal moet vroeg opstaan: Jy sal al jou kragte moet inspan: You will have to work hard.

Vroeër of later: Dit sal op een of ander tyd gebeur: Sooner or later.

VROLIKHEID: Na vrolikheid kom olikheid: Na groot blydschap volg 'n huilery of droefheid (gewoonlik van kinders): Sorrow follows excessive joy (usually of children).

VRUG: Aan die vrug word die boom geken; Aan die vrug ken 'n mens die boom: 'n Mens leer iemand ken uit sy dade: A tree is known by its fruit.

Verbode vrugte: Iets wat nie geoorloof is nie: Forbidden fruit.

Verbode vrugte smaak die soetste: Dis lekker om iets ongeoorloofs te doen: Stolen waters (kisses) are the sweetest.

VRY: Iemand het vry losies: In die tronk wees: To be in gaol.

Hy het sy hande vry: Hy kan doen wat hy wil: He is free to do whatever he likes.

So vry soos 'n voël wees: Heeltemal vry en aan niks gebonde wees nie: To be free.

Dit is jou uit vrye genade toegestaan: Dis jou toegestaan sonder dat jy dit verdien het: This was granted you as an act of grace.

VRYSRING: Iets vryspring: Iets nie hoof te doen nie: To evade.

VUIS: Uit (voor) die vuus praat: Onvoorbereid praat; sonder aantekeninge: To speak extempore; without consulting one's notes.

Iets voor die vuus neem: Iets neem sonder om uit te soek: To take something without choosing.

In sy vuus lag: In die geheim lag oor die ongeluk van 'n ander: To laugh in one's sleeve.

VULLETJIE: Tafelberg was toe nog 'n vulletjie: Baie lank gelede: Very long ago.

VURK: Weet hoe die vurk in die steel (hef) steek (sit): Presies weet hoe sake staan: To know the ins and outs of a thing.

VUUR: Vir iemand deur die vuur loop: Gewillig wees om enige diens vir hom te bewys: To go through fire and water for a person.

Wie die naaste aan die vuur sit, word die warmste: 'n Persoon wat bevriend is met of famielie is van mense, wat gunste kan uitdeel, word die meeste bevoorreg: The relatives and friends of people in responsible positions get the first privileges.

Met vuur speel: Hom met gevaarlike sake bemoei: To play with fire.

Tussen twee vure sit: Nie weet watter van twee dinge hy moet doen nie: Between the devil and the deep sea.

Toe was die vuur in die gras: Toe het daar moeilikheid ontstaan of toe het dit erger geword: The fat was in the fire.

Iemand is vuur en vlam: Hy is woedend; baie haastig: To be in a rage.

Iemand spoeg (spuug) vuur; Iemand spoeg (spuug) vuur en vlam: Hy gebruik vreeslike skeldwoorde; hy is baie kwaad: To swear like a trooper; to be in a rage.

Hulle kan nie langs een vuur sit nie: Hulle kan nie met mekaar klaarkom nie: They cannot hit it off with one another.

VUURDOOP: Die vuurdoop ontvang: Vir die eerste keer in 'n geveg wees: To receive one's baptism of fire.

VUURPROEF: Die vuurproef deurgaans: Deur moeilikhede met sukses gaan: To pass through the ordeal.

VUURMAAKPLEK: Dis bokant my vuurmaakplek: Dis meer as ek kan doen of begryp: It is above my comprehension.

VUURWARM: Iemand was weer vuurwarm: Baie dronk of kwaad wees: He was all aflame.

VYEBLARE: Voorwensels; ekskuse: Excuses.

W.

WAAG: Wie nie waag nie, wen nie: Om iets uit te rig moet 'n mens iets onderneem: Faint heart never won fair lady; nothing venture nothing have.

'N WAAGHALS: Iemand wat baie waag: A dare-devil.

WAAGSKAAL: Iets in die waagskaal lê (gooi): Iets waag: To stake.

- Jou lewe hang in die waag- of weegskaal:**
 Jou lewe is in gevaar: Your life is at stake.
- WAAK: Waak by gesonde mense: Opsit: To spoon.**
- WAAI: Iemand 'n waai gee: Iemand 'n klap gee: To give a person a smack.**
Niks met iemand (iets) uit te waai hê nie: Niks met 'n persoon (iets) te doen hê nie: To have nothing to do with a person (thing).
- WAAR: So waar as parra (padda) manel dra: Dis regtig waar: As true as faith.**
- WAARHEID: Iemand goed die waarheid vertel: Iemand berispe: To give a person a bit of your mind.**
Die waarheid in die aangesig slaan; Die waarheid bewimpel of verbloem: Nie sê soos dit is nie: To mince matters.
- WAKKER: Wakker bly: Opsit: To spoon.**
Dis 'n wakker kêrel: Hy is 'n pure man: A reliable person.
- WAL: Iemand van die wal in die sloot help: Iemand uit 'n moeilikheid in nog 'n groter een laat kom: To help a person from the frying-pan into the fire.**
- WARM: Dis so warm dat die kraaie gaap: Dis baie warm: It is very hot.**
Iemand word gou warm: Hy word gou kwaad: His anger is easily roused.
Iemand sit daar warmpies in: Hy is taamlik ryk: He is fairly rich; he is a warm man.
- WATER: Iemand raak in diep water: Hy kom in moeilikheid: He is getting into trouble.**
Die water van die see kan hom nie skoon was nie: Dis so'n groot fout, dat dit hom nooit vergewe kan word nie: The sea can't cleanse him.
Hulle lyk op mekaar soos twee druppeltjies water: Hulle lyk baie eners: They are as alike as two peas.
Water in die see dra: Iets doen wat heeltemal onnodig is: To carry coals to Newcastle.
Hy is 'n vabond van die eerste water: Hy is 'n regte skelm: He is a rogue of the first water.
Hy brand hom aan kou water: Oordrewe versigtig wees: A scalded cat fears cold water.
Iemand se mond laat water: k y k Mond.
Moenie vuil water weggooi, voor jy skone het nie: Moenie iets wegmaak voor jy 'n ander het nie: Do not drop the substance for the shadow.
Daar sal nog baie water in die see loop: Nog baie sal gebeur: Lots of water will pass under the bridge.

Dis water op sy meul: Dis net wat hy wil hê: That is grist to his mill.

Gods water oor Gods akker laat loop: Alles sy eie gang laat gaan: To let things slide.

Water in 'n mandjie bring (aandra): 'n Baie moeilike (hopelose) werk doen: To undertake a very difficult task.

In troebel water vis vang: Gebruik maak van 'n algemene verwarring om eie voordeel te behaal: It is good fishing in troubled waters.

Water op 'n eend se rug: Iets tevergeefs (b.v. 'n berisping): Water on a duck's back.

Die plan het in die water geval: Het misluk: The plan has fallen through.

Stille waters diepe grond, onder draai die duiwel rond: In stil persone is daar meer as wat 'n mens dink: Still waters run deep.

'n Diamant van die suiwerste water: Van die beste soort; fynste kwaliteit: A diamond of the first water.

Water in 'n mens se wyn gooi: Minder hoë eise stel: To come down a peg or two.

WATERDRAER: 'n Waterdraer en houtkapper: 'n Persoon wat van ander afhanklik is en allerhande eenvoudige en vernederende soorte werk moet verrig: A hewer of wood and a drawer of water.

WATERLANDER: Toe kom die waterlanders: Hy begin toe te huil: The water-pumps were at work.

WATTER: Iemand weet van watter (waffer): Iemand weet hoe sake staan: He knows the ins and outs.

WAWIELORE: Groot bakore: Large conspicuous ears.

WAWYD: Iets wawyd oopsit: Iets heeltemal oopmaak: To open wide.

WEEG: Weeg jou woorde: Wees versigtig wat jy sê: Weigh your words.

WEER: Met iets in die weer wees: Heeldag oor iets praat: To talk about the same thing over and over again.

Kinders vir weer en wind laat rondloop (grootwoord of opgroei): Jou nie bekommer oor die opvoeding van jou kinders nie: To neglect the education of your children.

WEERKLANK: Iets het weerklank gevind: Dit het goeie gevoelens by 'n ander opgewek; dis goedgekeur: To find a response.

'N WEERWOLF: Iets waarmee 'n ander bang gemaak kan word: A bugbear.

WEG: Die breë weg bewandel: 'n Sondige lewe lei: To lead a sinful life.

Goed met iemand oor die weg kom: Met iemand goed klaarkom: To get on well with a person.

WEET: Dis vir my om te weet en vir jou om uit te vind: Ek weet dit, maar sal jou nie sê nie: I know but I won't tell you.

'n Mens weet wat hy het, maar nie wat hy kry nie: 'n Mens weet nie wat die gevolge sal wees nie: Sure of the present, but not sure of the future.

WERD: Iemand gee (verkoop) dit waarvoor dit werd is: Iets vertel soos hy dit gehoor het en nie vir die waarheid instaan nie: To relate something without warranting the truth.

WÊRELD: Die wêreld is boos: Daar is baie moeilikheid in die wêreld; die wêreld dink altyd kwaad: The world draws uncharitable conclusions.

Die wêreld is klein: Gebruik as bekende persone mekaar toevallig ontmoet: The world is small (used when acquaintances meet unexpectedly).

Die wêreld skeur (deel): Weghardloop: To run away.

Na die ander wêreld: Dood wees: To be dead.

Die wêreld wys sy verkeerde (agter)kant: Alles lyk en loop verkeerd: The world seems upside down.

Iemand was by toe die wêreld gemaak is: Hy is baie slim; ironies bedoel vir iemand wat maak of hy so baie weet: He was there when the world was made.

Iemand ken sy wêreld: Hy weet hoe om hom te gedra: He knows a thing or two.

Die wêreld is 'n pypkaneel, elk suig daaraan en kry sy deel: Elkeen speel sy rol op aarde: All the world's a stage.

Dis 'n lawaai van die ander wêreld: Dis 'n groot lawaai: That is an unheard-of noise.

Iemand het die wêreld daaraan: Haat dit: He hates (execrates) it.

Die wêreld was toe te koud: Die beste wat hulle kon gee, was toe nie goed genoeg vir hom nie: Nothing was too good for him.

Die wêreld is syne: Hy is gelukkig; hy is baas: The sun shines for him.

Wêreld aanmekaar praat: Regtig baie praat: To talk unceasingly.

Wêreldsgoed is soos 'n hand vol vlieë: Tydelike dinge is nie blywend nie: Earthly possessions are not lasting.

WERK: Baie werk van iemand maak: Groot ophef van iemand maak: To make a great fuss about a person.

Wie nie werk nie, sal nie eet nie: As iemand te lui is om te werk, dan sal hy gebrek hê: No mill, no meal.

Werk maak sterk: Deur hard te werk, word 'n mens sterk en gesond: Work ennobles.

Iemand het meer werk as hare op sy kop: Het besonder baie werk: To have very much to do.

Werk op tyd, maak welbereid: As iets op die regte oomblik gedoen word, dan word baie moeilikheid daardeur voorkom: A stitch in time saves nine.

WESTE: Iemand is buite sy weste: Hy is bewusteloos: To be unconscious.

WET: Dis 'n wet van Mede en Perse: kyk **Mede.**

Iemand die wet voorskrywe: Iemand sê wat hy moet doen en wat nie: To dictate to a person.

WIEG: Vir iets in die wieg gelê: Seker aangebore hoedanigheid hê, wat 'n mens in staat stel om 'n seker werk goed te verrig: Bred for something.

WIEL: Iemand is 'n vyfde wiel aan die wa: Sy hulp veroorsaak net las: He is the fifth wheel to the coach.

Iemand in die wiele ry: Iemand hinder, teëwerk: To put a spoke in a person's wheel.

Sy jas is (hang) in die wiel: kyk **Jas.**

WIK: Die mens wik, maar God beskik: 'n Mens se planne kom nie altyd uit nie: Man proposes, but God disposes.

WIKS: Iemand wiks: 'n Pak slae gee: To give a hiding.

WIKKELWA: Ounooi se wikkelwa: Die trein: The train.

WIL: Teen wil en dank: Teen sy sin: Against one's will.

Waar 'n wil is, is 'n weg: As 'n mens net wil, dan kan hy baie doen: Where there's a will, there's a way.

Die wil vir die daad neem: Tog tevrede wees, al is die poging nie heeltemal 'n sukses nie: To take the will for the deed.

WILD: Iemand is so wild vir 'n ander soos 'n bok vir 'n skoot hael: Hy is baie bang vir die kêrel: To be scared of a person.

Wilde-eendejag: 'n Vergeefse onderneming: A wild goose chase.

WILLENS: Willens en wetens: Met opset: On purpose.

WIND: Vir iemand wind sny: Iemand help: To lend a helping hand.

Wind maak; Iemand maak wind sonder stof: Groot praat: To be a wind-bag.

Vir wind en weer grootword: kyk **Weer**.

Goeie raad in die wind slaan: Geen gebruik daarvan maak nie: To disregard sound advice.

Dit gaat iemand voor die wind: Hy is voorspoedig: He has the world on a string.

Dit sal hom nie windeiers lê nie: Dit sal hom voordeel bring: That will yield him good profit.

Waai die wind uit daardie hoekie? Staan sake so? Is that how the land lies?

Dit gaat maar wind-op met hom: Hy is nie alte voorspoedig nie: It is having an up-hill time.

Iemand waai met alle winde saam; soos die wind waai: Hy het nie 'n eie opinie nie: He agrees with everybody.

Iemand is deur die wind: Hy praat kaf: To talk nonsense.

Na wind kom reën: Na vrolikheid kom droefheid: Tears follow excessive joy.

Iemand het 'n windjie gehoor waai: Dit word vertel: It is rumoured.

Wie wind saai, sal storm maai: As iemand moeilikheid veroorsaak, dan word hy dikwels die slagoffer daarvan: Who sows the wind, will reap the whirlwind.

'N WINDBUKS: 'n Persoon wat net spog: A boaster.

WINDMEULE: Iemand het 'n klap (slag) van die windmeule: Hy is mal: There is something wrong in his top storey.

'N WINDORREL: 'n Lawaaierige niksbeduidende mens: An empty-headed person.

WINGERD: Deur die wingerd geloop: Dronk: Intoxicated.

WIT: Hy moes wit (soet) broodjies bak: kyk **Brood**.

Iemand is 'n witman: 'n Persoon op wie 'n mens kan staat maak: He is gentleman.

WOL: Meer lawaai as wol: Dis 'n groot gedoente oor 'n klein sake: Much ado about nothing.

WOLF: Vir wolf skaapwagter maak: 'n Skelm persoon in 'n verantwoordelike posisie plaas; 'n persoon oor wie self toesig moet gehou word, oor ander stel: To put a rogue in a responsible position; to put a cunning person in charge of others.

Iemand is 'n wolf in skaapsklere: 'n Huigelaar: A wolf in sheep's clothing.

Huil met die wolwe in die bos: Hy skik hom na omstandighede: To blow hot and cold.

Eet soos 'n wolf: Gesê van 'n vraat: He is a glutton.

WOLHAAR: Hy hou sy lyf wolhaar: Hy is verlief: He is in love.

Wilde wolhaar-woorde: 'n Onverantwoordelike bewering: Irresponsible words.

WOLKE: In die wolke wees: Opgetoë wees van blydskap: To be beside oneself with joy.

WOLTOON: Spotnaam vir 'n Kolonialer: Nickname for an inhabitant of the Cape Province.

WONDERS: Iemand as (vir) wat wonders beskou: Dink dat iemand iets besonder is: To imagine someone to be a wonder.

WOORD: Altyd die laaste woord wil hê: Hy wil nooit ingee nie: He always wants to have the last say.

'n Groot woord: 'n Vloekwoord: A swear word.

Iemand sluk sy woorde in: Hy het sy woorde teruggetrek: To swallow one's words.

Die hoogste woord voer: Hy het die meeste te sê: To command all.

Die hoogste woord moet uit: Die geheim moet uitkom: The secret must be disclosed.

'n Man van sy woord: Hy doen wat hy belowe: He is as good as his word.

Iemand kan sy woord goed doen: Hy kan homself goed verdedig: He can defend himself very well.

Iemand met sy eie woorde vang: Iemand homself laat vaspraat: To catch a person with his own words.

Met iemand woorde kry (hê): Met iemand rusie maak: To quarrel with a person.

Van woorde tot dade oorgaan: Nie net praat nie, maar ook handel (veg): To come to blows.

Woorde wék maar voorbeelde trek: 'n Mens se goeie dade beteken meer as baie mooi woorde: Practice is better than precept.

WORS: 'n Wors het twee ente: 'n Mens kan elke saak uit twee kante beskou: There are two sides to every question.

So skaars as wors in 'n hondestal: Besonder skaars wees: Very scarce.

WORTEL: Iets met wortel en tak uitroei: Iets heeltemal uitroei: To root something out entirely.

Tot die wortel van die saak gaan: Die oorsaak of begin kry: To destroy root and branch.

WURG: Iemand wurg: Het met baie moeilikhede te doen: To have to contend with many difficulties.

WYS: Wys wees: Parmantig, kwaai wees: To be impudent, disagreeable.

Iemand wys; Iemand wys waar Dawid die wortels gegrawe het: Iemand slaan, op sy plek sit: To give someone a dressing-down.

'N WYSNEUS: 'n Persoon wat hom verbeel dat hy baie weet: A wiseacre.

WYSIE: 'n Mens heeltemal van sy wysie af bring: 'n Mens heeltemal deurmekaar maak: To confuse a person.

WYN: Goeie wyn prys homself; goeie wyn het nie 'n krans nodig nie: Iets wat goed is, hoef nie geprys te word nie: Good wine needs no bush.

Wyn in die man, wysheid in die kan: As iemand dronk is, dan kan 'n mens nie by hom wysheid verwag nie: When the wine is in, wisdom is out.

Y.

YDELHEID: Alles is ydelheid: Alles op aarde is verganklik en hou dus nie lank nie: All is vanity.

YS: Iemand het die ys gebreek: 'n Begin gemaak met 'n lastige saak: To break the ice.

Dit laat iemand yskoud: Hy steur hom nie daaraan nie: To be altogether indifferent.

YSTER: 'n Mens kan nie yster met hande breek nie: 'n Mens kan nie onmoontlike dinge doen nie: One cannot make a silk purse out of a sow's ear.

Smee die yster terwyl dit heet (warm) is: Maak gebruik van die geleentheid wat hom voordoen: Make hay while the sun shines; strike while the iron's hot.

Ysterklou in die grond slaan (steek): Wegvlug; vastrap: To take to one's heels; persevere.

Die ysterperd: Die trein: The train.

Baie ysters in die vuur hê: Met meer as een (of te veel) werk tegelyk besig wees: To have too many irons in the fire.

In die ysters: In die tronk: Penal servitude.

DIE END.

By dieselfde Uitgewers het verskyn :

Die Groot Afrikaanse Woordeboek

Afrikaans-Engels—Engels-Afrikaans,

en die Afrikaanse Spelreëls van die S.A. Akademie vir Taal,
Lettere en Kuns

deur M. S. B. Kritzinger, M.A.,

en

H. A. Steyn, M.A.

Medewerkers :

Dr. P. C. Schoonees, M.A., U. J. Cronjé, M.A.

1100 bls.

Prys 12/6.

Duidelike druk.

**Afrikaans-Engels en Engels-Afrikaanse
Skool Woordeboek,**

Die derde hersiene uitgawe is nou gereed

deur M. S. B. Kritzinger, M.A.,

en

H. A. Steyn, M.A.

Formaat 7 x 5 duim. Goedkope uitgaaf.

Prys 6/-

Die boek bevat 615 bls., is op sterke spesiale "woordeboek papier" gedruk en stewig gebind.

Die beste Afrikaanse Woordeboek vir Skoolgebruik.

Afrikaans-Duits en Duits-Afrikaans Woordeboek,

deur H. A. Steyn, M.A. en H. G. Schulze, M.A.

Met medewerking van Dr. H. Gutsche.

Elkeen wat die groot moeilikheid van leksikografiese arbeid besef, sal die werk van die samestellers hoog waardeer.

Diegene wat die woordeboek koop, sal 'n boek koop wat sy waarde nooit sal verloor nie. (Dr. Ernst Friedlaender, Stellenbosch, in sy bespreking in "Die Burger.")

Oor die 1000 bladsye. Sterk gebind.

Prys 10/6.

NOU VERSKYN :

Die 12de druk van die

**BLOEMLESING UIT DIE NUWERE
AFRIKAANSE LETTERKUNDE.**

Vir Std. VI en hoër.

Saamgestel deur

J. J. v. d. MERWE, J. LUB en A. K. BOT.

Hierdie nuwe druk is hersien en in heel linne band gebind.

Prys 4/9.

Die goedkoopste en mees gebruikte Bloemlesing vir
Std. VI en vir die laer klasse van die Middelbare
Skole.

*Van Schaik se
Aanvullings-Leesboeke.*

Reeds verskyn :

1. *Kampstories*, deur C. Louis Leipoldt 4/-
2. *Die Swart Tulp*, deur Alex. Dumas, bewerk
deur C. Louis Leipoldt 4/6
3. *Uit die Land van Homeros*, bewerk deur F. J.
Eybers, B.A. 4/6
4. *Die Swerwers*, Sketse uit die Dorsland Trek,
deur J. Alb. Coetzee 4/-
5. *Marianne*, 'n Verhaal uit die tyd van Willem
Adriaan v. d. Stel, deur N. H. Theunissen ... 4/6
6. *Robinson Crusoe*, bewerk deur G. R. von
Wielligh 4/6
7. *Die Robinson Famielie*, bewerk deur P. A. M.
Brink 4/6
8. *Rémi en sy Vriende*, deur Hector Malot, be-
werk deur H. A. Steyn 3/6
9. *Rémi en Mattia*, deur Hector Malot, bewerk
deur H. A. Steyn 4/-
10. *Peter Moor se Reis na Suidwes*, deur Gustav
Frenssen, bewerk deur S. Niemeyer 4/-
11. *Ingo die Vandaal*, deur Gustav Freytag, be-
werk deur H. G. Schultze 4/-
12. *Die Trekkees*, deur J. Alb. Coetzee 4/6